SUIDER-PAARL
GEMEENTE

Skriflesing: Romeine 11:33 – 36

Die Skrifgedeelte gaan oor die onbeskryflikheid van God se grootsheid, wysheid en almag. Maar ook oor die feit dat God nie iets aan ons verskuldig is nie. Niemand bewys vir God 'n guns, sodat God verplig is om iets terug te doen nie. Die feit dat ons gebede meestal oor versoeke om onsself draai, veroorsaak dat wanneer God nie hierdie versoeke toestaan nie, ons dit beleef dat God stilbly. In die geestelike lewe behoort ons te leer dat ons, ons eiegeregtigheid en eiegerigtheid opsy moet skuif, en dat God se Naam, koninkryk en wil die meeste sal tel. Dit is wat Jesus ons kom leer het.

Om oor te dink:

1. Hoe voel jy oor die gedagte van Jakobus in sy hoofstuk 4: ***"As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig."*** Het jy dit al ervaar?
2. Ek kan God nie omkoop met beloftes nie. Ek kan nie God se arm draai, omdat ek dink dat ek darem godsdienstig is nie. Het jy dit al probeer, of gedink?
3. Sou jy sê dat daar in die inperkingstyd al enige geestelike verdieping of groei in jou plaasgevind het? Probeer om dit in een sin te formuleer.

Wees Anders...
...Want Jesus is Anders...